

# **BANTOEREG: 'N VAKWETENSKAPLIKE TERREINVERKENNING**

deur

**PROF. DR. J.M.T. LABUSCHAGNE**



Publikasies van die Universiteit van Pretoria  
Nuwe Reeks Nr. 79—1973

## **REDAKSIEKOMITEE**

**Prof. dr. B.J. Engelbrecht**  
(Voorsitter, Navorsings- en Publikasieskomitee)

*Lede:*  
**Prof. dr. D.F. Mostert**  
**Prof. dr. D.J.J. Potgieter**

Die publikasie van hierdie reeks word moontlik gemaak deur fondse wat deur die Universiteit van Pretoria aan die Navorsings- en Publikasieskomitee beskikbaar gestel word.

## **OUTEURSREG VOORBEHEOU**

BANTOEREG. PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,  
TERREINVERKENNING. NUWE REEKS  
NR. 79

Mense die Rektor, mense die Dekaan, Dames  
en Heren,

# BANTOEREG: 'N VAKWETENSKAPLIKE TERREINVERKENNING

Rugwetenskaplike tot hul volle voordeel  
vonding daarvan gegee nie. Van die argumente  
dra die val nog steeds van die vryheid  
regwetenskaplike aksepte toe. Die toekomstige  
toegang (soos die Bantoe self) is meer as 'n bloot  
juridiese kuriositeit. Dit is 'n realiteit wat ten  
nuusste verweef is met die toekoms van die  
Bantoe; indesoend met die toekoms van Suid-  
Afrika.

Ook vir die regfilosofie het 'n studie van  
die Bantoeing betekenis. 'n Beter voorbeeld van  
relatiewe subjektiewe regte is moeilik te vind.  
Rede uitgespreek by die aanvaarding van die  
niek as deur te kyk na die Professoraat in die Departement Bantoreg  
Nie-Bantoe kan nie 'n substantiële  
funkcioneer teenoor 'n Bantoregument skend  
nie. Dit kan alleen 'n Bantoe doen. Sediam  
subjektiewe reg het dus 'n relatiewe betekenis.

Dit is nie my bedoeling om 'n teorie van  
tegfilosofiese of andersyds die belang van  
die betekenis van 'n Bantoregundie uit te leg.  
Die idee is slegs om lens aan te wend op  
die terrein van die vak.

2. Hedendaagse Bantoregleringeplante beplan  
hoofsaaklik om:

(i) wapel die regbron in UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
terreinverkenning van die Bantoe en  
PRETORIA  
1973

(ii) toepassings bereken, soos bepaal of omskryf  
jywende wetgeving.

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie  
vermeld word, is verkrybaar by:

*Van Schaik's Boekhandel (Edms.) Bpk.,  
Burnettstraat 1096,  
Hatfield, PRETORIA.*

tertyd blyk Aanvanklik wil al slegs Prys R0,40

begrippe wat in die by omvattende  
gebruik is verbindelik.

2.1 Die woord "sisteene" verwys na 'n  
sinvolle analitiese samhang van die  
gegewene.



ISBN 0 86979 079

Die gedraggreel  
betrekken, wat die element van  
vryheid bevat, dat, wat by norm-

biene fynheid moet tot gevolg het.  
2.2 Die woord "bevat" bevat die sentrale

begrip van die wortel van die Bantoe-wet-

geleer, wat die Bantoe-wet-geleer  
voortkom uit die Great Lakes.

2.3 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.4 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.5 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.6 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.7 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.8 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.9 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.10 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.11 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.12 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.13 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.14 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.15 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.16 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.17 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.18 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.19 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.20 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.21 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.22 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.23 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.24 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.25 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

2.26 Die wortel van die Bantoe-wet-geleer  
is gevorm uit die Great Lakes.

## BANTOEREG: 'N VAKWETENSKAPLIKE TERREINVERKENNING

Meneer die Rektor, meneer die Dekaan, Dames en Here.

1. Die vak Bantoereg word verskeie jare reeds aan Suid-Afrikaanse universiteite aangebied. Tog is daar weinig besin oor die terrein, realiteit en idealiteit, daarvan.

Regswetenskaplikes het tot nog toe nie veel aandag daaraan gegee nie. Oor die algemeen dra die vak nog swaar aan 'n nie-regswetenskaplike aksentbelading. Die Bantoereg (soos die Bantoe self) is meer as 'n blote juridiese kuriositeit. Dit is 'n realiteit wat ten nouste verweef is met die toekoms van die Bantoe; inderdaad, met die toekoms van Suid-Afrika.

Ook vir die regsfilosofie het 'n studie van die Bantoereg betekenis. 'n Beter voorbeeld van relatiewe subjektiewe regte kan 'n mens seker nie kry as deur te kyk na die Bantoereg nie. 'n Nie-Bantoe kan nie 'n subjektiewe reg wat funksioneer teenoor 'n Bantoeregnsnorm, skend nie. Dit kan alleen 'n Bantoe doen. Sodanige subjektiewe reg het dus 'n relatiewe werking.

Dit is nie my bedoeling om die regsfilosofiese of andersyds die analitiese betekenis van 'n Bantoeregstudie uiteen te sit nie. Die idee is slegs om iets aan te merk oor die terrein van die vak.

2. Hedendaagse Bantoeregleerplanne bestaan hoofsaaklik uit:

- (i) vanaf die regsbron bereken, gewoonteregsreëls van die Bantoe; en
- (ii) regsystematies bereken, sodanige privaatregssreëls. Hierby word dan enkele wetgewingstukke gevoeg.

Ek sou graag Bantoereg as iets veel wyer wou sien. Bantoereg is vir my daardie sisteem (met toepaslike subsisteme) van regssnorme wat uitsluitlik ten opsigte van Bantoes geld. Die rede vir hierdie wyer vakwetenskaplike terreinbepaling sal metertyd blyk. Aanvanklik wil el slegs sekere begrippe wat in die bg. omskrywing gebruik is, verduidelik.

2.1 Die woord "sisteem" verwys na 'n sinvolle analitiese samehang van die gegewene.

2.2 'n Regssnorm is 'n menslike gedragreël, 'n behorende, wat die element van vergelding bevat, d.w.s. wat by norm-skending die bring van ewewig van belang binne 'n bepaalde groep tot gevolg het.

2.3 Die begrip "Bantoe" bevat die sentrale tema van die Bantoereg. Daarom word dit in groter detail geanaliseer. Seligman<sup>1)</sup> sê t.o.v. die Bantoes: "The Bantu are a congeries of peoples, belonging predominantly to Central and Southern Africa, named from and defined by the peculiar type of language that they speak, which is generally considered to have originated in the neighbourhood of the Great Lakes".

Hy vervolg deur daarop te wys dat die Bantoe raskundig 'n vermenging is van Neger en Hamiet. Die Bantoes van Suid-Afrika vorm die grootste gedeelte van die groep Bantoes wat bekend staan as die Suidelike Bantoe. Vir die doeleindes van die Bantoereg sal opgemerk word dat die begrip „Bantoe“ nie 'n suiwer volkekundige betekenis het nie.

Art. 35 van die Bantoe-administrasie Wet, Wet 38 van 1927, bepaal: "In hierdie wet en 'n proklamasie, reël of regulasie uit kragte daarvan uitgevaardig, tensy dit met die sinsverband onbestaanbaar is - omvat 'Bantoe' enige persoon wat lid is van 'n inboorlingras of -stam van Afrika: met dien verstande dat enige persoon wat in dieselfde toestand as 'n Bantoe woon in 'n afgesonderde Bantoegebied of 'n oopgestelde gebied, soos bepaal of omskryf in of kragtens die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet no. 18 van 1936), of op grond waarvan die Suid-Afrikaanse Bantoetrust die geregistreerde eienaar is vir die doeleindes van hierdie Wet as 'n Bantoe beskou word". Voordat oorgegaan word tot 'n analise van dié artikel moet daarop gewys word dat die woord "Bantoe", in regstaal, die vroeër gebruikte woord "Naturel" vervang het.

2.3.1 Volgens Seymour<sup>2)</sup> impliseer die woorde "shall include", wat in die Engelse teks van die wet gebruik word vir die Afrikaanse woord "omvat", that the court is not precluded from regarding as a Bantu person one who

might fall outside the set terms of the definition." Hierdie siening is egter in stryd met 'n beslissing van die Witwatersrandse plaaslike afdeling van die Hooggeregshof<sup>3)</sup>. In lg. saak is beslis dat "shall include" uitgelê moet word as betekenende "mean and include", d.w.s. dat die definisie uitputtend is.

2.3.2 Die enigste probleemvraag t.o.v. die begrip "persoon" wat ek wil behandel, is: kan 'n samestelling van 'n groep mense of selfs iets anders regsubjektiwiteit hê vir die doeleinades van art. 35? Kortom, kan sodanige groep mense of iets anders 'n Bantoe wees?

In Mda v Fingo Regional Authority<sup>4)</sup> sê regter Kotzé t.o.v. sekere handelinge wat 'n streeksowerheid kan verrig: "These are attributes of juristic personality - a status which excludes the decisive criteria in the definition of 'Bantu' viz the qualities of race or tribe.".5) Dit verteenwoordig die

gangbare regsposisie, nl. dat 'n regspersoon nie vatbaar is vir sodanige klassifikasie nie. Vir die doeleinades van die Bantovermoenstrafreg bepaal art. 20(1)(a)(ii) van die Bantoe-administrasie Wet dat die Suid-Afrikaanse Bantoetrust, 'n regspersoon, in sekere opsigte nie 'n nie-Bantoe is nie. Genoemde trust kan 'n Bantovermoenstrafrugtelike slagoffersubjek wees en is gevvolglik vir sodanige doeleinades in dieselfde posisie as 'n Bantoe. Dit sou m.i. onsruwer wees om te sê dat 'n regspersoon in die algemeen nie 'n Bantoe, natuurlik slegs vir regsdoeleinades, kan wees nie.

Vrywillige verenigings, d.w.s. sosialiteite wat in die regsvaart nie afsonderlik van hulle lede funksioneer nie, kan wel 'n Bantoe wees.<sup>6)</sup>

In 1956 het die Sentrale Afdeling van die Bantoeappelhof<sup>7)</sup> bevind dat 'n bestorwe boedel nog 'n regspersoon nog 'n "person in fact" is en dat dit nie 'n Bantoe kan wees nie. In 1960 het die Noordoostelike Afdeling<sup>8)</sup> van die hof tot dieselfde bevinding gekom. Dit blyk verder duidelik uit dié twee beslissings dat indien die eksekuteur van 'n

bestorwe boedel van 'n Bantoe self 'n Bantoe is, die Bantoesakekommissaris-hof wel jurisdiksie het. Sonder verdere analise laat ek dié regsfalsiteit in u midde.

2.3.3 Die Bantoeappelhof<sup>9)</sup> moes by geleentheid beslis of 'n Abessiniër 'n inboorling, in art. 35-konteks, is of nie. Die omskrywing van "aboriginal" in die Concise Oxford Dictionary word deur die hof aanvaar, nl. "indigenous, existing in a land at the dawn of history, or before arrival of colonists (of races and natural objects)". Die hof verklaar verder: "Every schoolboy knows that in historical times the Abyssinians have been in Africa. They were certainly there when white men began to take interest in the Dark Continent. These facts are so notorious that, in our opinions, they are not arguable". Dit wil voorkom of die woord "koloniste" geïnterpreteer moet word as Blanke koloniste.

In Mhlongo v MacDonald 1940 A.A. 299 het die Appelhof van die Hooggeregshof (op bl. 307) bevind dat die kinders van John Dunn "aboriginal native inhabitants of Zululand" is. Hier het dit egter gegaan om die uitleg van vroeëre Natalse wetgewing en die hof se bevinding kon gevvolglik nie sonder meer van toepassing gemaak word op die uitleg van art. 35 van die Bantoe-administrasie Wet nie. Die enigste werklike gesag vir die vasstelling van die inhoud van die begrip „inboorling" is dus die uitspraak van die Bantoeappelhof, soos bo bespreek.

1.3.4 Die volgende vraag wat ek wil bespreek, is: wat is 'n ras en wat is 'n stam. Goldenweiser<sup>10)</sup> omskryf ras soos volg: "Race to the anthropologist is a purely physical concept. To define race is to characterize a group of men from the standpoint of their common hereditary physical traits".<sup>9)</sup> Coertze<sup>11)</sup> verklaar in dieselfde trant: "Vir die Volkekunde is 'n ras 'n menslike groep wat op grond van 'n kombinasie van min of meer enerse erflik-bepaalde eienskappe saamgegroepeer word". Bogaande word vrywel algemeen deur

volkekundiges aanvaar as die betekenis van die begrip ras.<sup>12)</sup>

Die begrip "stam", daarenteen, is basies 'n kultuurbegrip: meer in besonder 'n etniese begrip<sup>13)</sup>. Treffend verklaar Leiris<sup>14)</sup>: "Whereas race is strictly a question of heredity, culture is essentially one of tradition in the broadest sense, which includes the formal training of the young in a body of knowledge or a creed, the inheriting of customs or attitudes from previous generations, the borrowing of techniques or fashions from other countries, the spread of opinions through propaganda or conversation, the adoption - of 'selling' - of new products or devices, or even the circulation of legends or jests by word of mouth". 'n Gemeenskaplike kultuur is egter nie die enigste vereiste vir 'n stam nie. Daar kom m.i. nog die volgende by:

- (a) onderlinge aanvaarding van mekaar as stamlede; en
- (b) afwesigheid van 'n grotere aanvaarde kultuureenheid.

Ek kon nog nooit enige werklike betekenisvolle verskil tussen die begrippe "stam" en "volk" sien nie.

In die gewysde R v Kogan (1919 A.A. 521 op 526) hanteer ons Appéhof die begrippe "ras" en "stam" op so 'n wyse dat dit 'n mens neig tot die afleiding dat hulle regtens sinonieme is. In die Natalse gewysde Anderson v green (1932 N.P.A. 241 op 247)<sup>15)</sup> laat regter Hathorn geen twyfel nie: "It appears to me that where membership of a tribe is referred to in close association with membership of race, as in the expression used in the definition (member of an aboriginal race or tribe of Africa), the membership of a tribe must, like the membership of a race, be regarded as dependent primarily on descent and not on status .....". Die woord "status" verwys na, wat die regter noem, "civil status". Vroeër sê die regter (op bl. 246) t.o.v. "civil status".

".....the question whether or not a person is to be regarded as a member of a tribe may sometimes depend on the

question whether or not he is subject to tribal government, that is whether or not he has the civil status of a member of a tribe".

Aan die hand van die pad wat die Griekwas in ons regspraak gevolg het, wil ek graag verder illustreer hoe die begrip "stam" geleidelik verdring is deur die begrip "ras".

In 1889, in die ou Kaapse gewysde Queen v Ellis (7.S.C.68 op 69), sê Hoofregter de Villiers: "It is admitted the man was a Griqua but it is now said that there is an infusion of white blood in the Griquas. Still they are a Hottentot tribe and this infusion is not sufficient to take them out of the category of natives". Opmerklik is dat hoofregter De Villiers verwys na die begrip "Hottentotstam" en nie "Hottentoras" nie<sup>16)</sup>. Daar is egter nou verskeie sake waarin bevind is dat 'n Griekwa nie 'n lid is van 'n inboorlingras of -stam van Afrika nie<sup>17)</sup>. Die rede hiervoor is suwer gebaseer of rasseoorwegings. In R v Le Fleur (1927 O.D. 340 op 344) sê waarnemende regter Gane: "the true Griquas are now very few in number, indeed almost non-existent, and that the so-called Griquas are an aggregation of persons of various shades of colour more or less remotely related to the original Griquas ....."

In 1940 is daar 'n uitspraak van die Bantoeappéhof<sup>18)</sup> waarin die hof laat blyk dat stamlidmaatskap nie sonder betekenis is nie. Waarnemende president Stafford sê t.a.v. die bepaling of 'n persoon 'n Bantoe is vir die doeleindes van art. 35, dat dit belangrik is om te bepaal "(w)hether he acknowledged membership of any native tribe or admitted the jurisdiction of any native Chief over him." In die lig van die Hooggereghofuitsprake bovenoem en ook die appéhofgewysde hieronder bespreek, is waarnemende president Stafford se opmerkinge m.i. slegs van betekenis vir die voorbehoudsbepaling in art. 35 genoem.

In 1945 plaas die Appélaufdeling van die Hooggereghof die seël op die hierbo bespreekte ontwikkeling. Appéregter

Schreiner verklaar onomwonde<sup>19</sup>: "I conclude that in deciding whether a person is a native within the definition, the sole test is descent, other elements being only probative of descent.".

Die verdringing van die etniese begrip "stam" deur die biogenetiese begrip "ras" is 'n tipiese voorloper van die kruispad waarop die beleid van afsonderlike ontwikkeling vandag verkeer. Gaan dit om rasselfsonderlikheid of gaan dit om etniese afsonderlikheid? Hieroor hoef ek my nie in hierdie stadium uit te laat nie. 'n Volgende vraag wat ek wil bespreek, is: is 'n vermenging tussen die hierboomskrewe inboorlinge 'n Bantoe?

In 'n ou Kaapse gewysde R v Parrot (16 S.C. 452) is bevind dat 'n kruising tussen 'n Boesman en 'n Hottentot 'n "native"<sup>20</sup> is. Dit wil voorkom of ons Appelhof hierdie bevinding sou bevestig.<sup>21</sup>

2.3.5 Dit wil voorkom of die term "Afrika" so geïnterpreteer moet word dat dit ook eilande om die kus van Afrika insluit<sup>22</sup>.

2.3.6 Kragtens art. 31 van die Bantoe-administrasie Wet mag die Staats-president aan 'n Bantoe 'n vrystellingsbrief verleen wat hom (die ontvanger) onthef van die werking van Bantoegewoontereg. Die Bantoeappelhof<sup>23</sup> het beslis dat 'n vrystellingsbrief kragtens art. 31 uitgevaardig, nie beteken dat die vrygestelde persoon vrygestel word van Bantoeewe kragtens art. 35 nie. Hy bly nog onderworpe aan die bepalings van die Bantoe-administrasie Wet en kan in die Bantoesakekommissarishof dagvaar of gedagvaar word.

2.3.7 Die omskrywing van "Bantoe", soos supra bespreek, bring persone binne die trefkrag van hoofsaaklik die Bantoeproses- en bewysreg, Bantoeprivaatrege en Bantoeestrafreg. In ander wetgewingstukke is en word die woord "Bantoe" nie altyd identies met art. 35 en/of met mekaar omskryf nie. Burgerskap van die te stigte state, die Bantouëuisse, word ook op 'n rassegrondslag bepaal. In art. 2(2) van

die Wet op Burgerskap van Bantouëuisse Wet 26 van 1970, word gesê dat "(e)lk Bantoepersoon in die Republiek is, indien hy nie 'n burger van 'n selfregerende Bantoegebied in die Republiek en nie 'n verbode immigrant is nie, 'n burger van een of ander gebiedsowerheid." Vir die doeleindes van dié wet is 'n Bantoe "iemand wat 'n lid is van 'n inboorlingras of -stam of gewoonlik daarvoor deurgaan".<sup>24</sup>

Dit kan m.i. met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat die kopeling van burgerskap aan die begrip "ras" slegs 'n tydelike maatreël is en kan wees.

3. Gesien vanuit 'n regsystematiese oogpunt, sny die Bantoeëreg deur beide die publieke- en die privaatreg. Is dit dan geregtig op afsonderlike bestudering, of andersom gestel, kan 'n mens sê dit is 'n vakwetenskap?

Ek het reeds by 'n vorige geleenthed<sup>25</sup>, na besprekking van enkele standpunte, gekonkludeer dat wetenskap, na my oordeel, basies die volgende omvat:

- (i) dit is gegrond op naïewe ervaring;
- (ii) in die geloof gefundeer (en gerig);
- (iii) is uiteenstellende denke; en
- (iv) resulter in kennis.

Sonder ordelike gebiedsafbakening binne die wetenskapsveld sou kennis onbruikbaar wees. Dit is uit hierdie behoeft, basies 'n doelmatigheidsbehoefte, waaruit vakwetenskappe ontspring. 'n Vakwetenskap bestudeer 'n besondere groep van samehorige gegewens binne die kosmiese diversiteit. 'n Onbetwisbare, universeel geldende indeling van vakwetenskappe is 'n onbegonne taak, want vakwetenskappe ontstaan voortdurend. Indien teleologiese redes dit regverdig, kan 'n besondere groep samehorige gegewens op vakwetenskaplike beoefening aanspraak maak.

In die lig van die etniese verskeidenheid en struktuurverhoudinge binne die Suid-Afrikaanse staatsopset is daar m.i. 'n saak voor uit te maak om die reg wat t.o.v. die Bantoe geld, as objek of fokuspunt vir vakwetenskaplike bestudering af te sonder. Daardeur kan die regswetenskaplike, as regswetenskaplike, ook 'n bydrae lewer tot die oplossing van die breëre problematiek van die etniese en andersydse toekoms van die mense

van Suid-Afrika. Daar dien op hierdie stadium slegs opgemerk te word dat die inhoud van die vak Bantoereg dus nie bestem is om staties te bly nie.

4. Vir 'n beter begrip en bestudering van die Bantoegewetenskap kan die volgende onderverdeling gemaak word:

- (a) die beskrywende of deskriptiewe Bantoereg. Hierdie aspek van die Bantoereg (of beter gestel: die Bantoegewetenskap) vind en beskryf die positiewe regsreëls;
- (b) die historiese Bantoereg sien die genoemde positiewe regsreëls in hulle ontwikkelingsgang;
- (c) die analities-sistematiese Bantoereg analyseer en sistematiseer die positiewe reg;
- (d) die vergelykende Bantoereg vergelyk die Bantoereg met ander vergelykbare regsreëls; en
- (e) die verklarende of projektiewe Bantoereg het te make met die vraag: behoort die positiewe reg te wees soos dit is en indien nie, waarom nie?

Bogenoemde voorgestelde indeling van die Bantoegewetenskap kan moeilik betekenisvol los van mekaar funksioneer. Dit bied m.i. slegs 'n leidraad tot die sinvolle wetenskaplike bestudering van die Bantoereg.

5. Vervolgens iets oor die kenbronne van die Bantoereg. Die kenbronne van die Bantoereg is basies drieërlei van aard:

- (a) Gewoontereg. In die Bantoe-administrasie Wet word dikwels verwys na "Bantoereg- en gebruik". Ek sou dié woorde vervang met die term "Bantoegewoontereg", omdat geen hof 'n reël wat nie regskrag het, kan toepas nie. In verskeie onafhanklike Afrikastate is statutêr erkenning gegee aan die inboorlinggewoontereg. In die onderskeie statute word "gewoonte" of gewoontereg dan ook omskryf.

Art. 2(1) van die Nigeriese Evidence Act (Cap.62,1958 Revision) bepaal: "custom" is a rule which in a particular district, has from long usage, obtained the force of law.<sup>26)</sup>

Art. 2 van die Botswanawet The Customary Law (Application and Ascertainment) Act, 1969 (Wet 51 van 1969) bepaal<sup>27)</sup>:

"'customary law' means in relation to any particular tribe or tribal community, the customary law of that tribe or community so far as it is not incompatible with the provisions of any written law or contrary to morality, humanity or natural justice".

In Suid-Afrika word Bantoegewoontereg slegs erken indien dit nie herroep is nie, of indien dit nie in stryd is met die beginsels van die staatsgedragslyn of natuurlike regverdigheid nie<sup>28)</sup>. Daar bestaan verder geen eenvormige stelsel van gewoonteregsreëls vir die Bantoe nie. Dit verskil van volk tot volk.

Inboorlinggewoontereg word nie orals met dieselfde entoesiasme erken nie. Moreira<sup>29)</sup> verduidelik: "It is sufficient .... to conclude that the normal fate of the customary law in the Portuguese system is to be replaced by the common law". Hierdie beskouing kom ook ooreen met die Portugese se verklaarde beleid van kulturele assimilasie<sup>30)</sup>.

(b) Wetgewing. Daar dien slegs vermeld te word dat verskeie Bantoeregsreëls in wetgewing beliggaam is.

(c) Ook gewysdereg is 'n belangrike kenbron van die Bantoereg. Die stare decisie-reël geld ook t.o.v. die howe wat vir die Bantoes ingestel is. Die Bantoeappêlhof is slegs gebonde aan die uitsprake van die Appelaafdeling van die Hooggereghof<sup>31)</sup>, terwyl die Bantoe-egskeidingshof ook gebonde is aan die uitsprake van die plaaslike en provinsiale afdelings van die Hooggereghof<sup>32)</sup>.

6. Daar is reeds op gewys dat die Bantoereg, in die lig van die huidige regsistematiese benadering, deur beide die publieke en privaatreg sny. Dit is nie die bedoeling om by hierdie geleentheid 'n gedetailleerde regsistematiese analise van die Bantoereg te gee nie. Wat ek graag met u wil opneem, is die vraag of die Bantoegewoontereg 'n onderskeiding geken het tussen straf- en deliktereg.

Art. 20(1)(a)(i) van die Bantoe-administrasie Wet bepaal dat 'n Bantoe-stamhoof of -hoofman bevoeg is om 'n misdryf wat gepleeg is onder Bantoegewoontereg, te verhoor en te straf.

Soga<sup>33)</sup> beweer dat die Xhosas nie 'n onderskeid tussen straf- en deliktereg geken het nie. Uit Soga se uiteensetting blyk dit duidelik

dat hy die prosesregtelike met die materieelregtelike verwarr: die straf- en burgerlike prosesreg was grootliks geïntegreer, maar daar het, soos ons hieronder noem, tog sekere met strafbedreigde regsnorme bestaan.

Holden<sup>34)</sup> sien tog 'n onderskeid: "The criminal cases belong to the king, in which he becomes 'public prosecutor', levies and receives the fines, taking all the benefit to himself, which forms one very important part of his revenue. The principle is, the king claims the person and all matters relating to him, as his property; the subject claims the property as cattle, as his own. Hence, whatever offence relates to the person becomes criminal, or constitutes a criminal case and whatever offence relates to the property of the individual is a civil case". Sonder om in veralgemeenigte verval, kan genoem word dat hierdie siening ook deur die Bantoeappélhof aanvaar is<sup>35)</sup>

Elias<sup>36)</sup> konkludeer na 'n ondersoek van verskeie inboorlinggewoonteregstelsels: "In thus holding that African law, like any other law, differentiates between offences that must be publicly punished by society at large and those that should be left to private redress, we are not by any means suggesting that there is, therefore, no difference between the African and a more developed legal system ....."

Hoe dit ookal sy, 'n mens moet versigtig wees om misdade volgens die breëre Suid-Afrikaanse reg ook te sien as misdade volgens die Bantoegewoontereg.

7. Elke vakwetenskap funksioneer as deel van die grotere wetenskapseheel. Geen vakwetenskap kan in afsondering bestaan nie en word gedurig ondersteun en bevrug deur ander vakwetenskappe. Sommige vakwetenskappe lê egter nader aan mekaar as andere. Vakwetenskappe wat nader aan mekaar lê, noem ons hulpwetenskappe. Watter vakwetenskappe kan dan as hulpwetenskappe vir die Bantoeberg beskou word?<sup>37)</sup> Ek noem die volgende:

(i) Die ander regswetenskappe.

(ii) Die etnologie. Die etnologie, met die etnos as sentrale tema, die studie van die sosio-kultuurmens, kan beskou word as 'n belangrike hulpwetenskap vir die reg in die algemeen. Deur 'n studie van die etnologie het ek persoonlik 'n begrip kon vorm van die aard en inhoud van 'n regsnorm, in wese 'n gedragsreël, 'n immateriële kultuurmoment deur die mens vir sy eie welsyn geskep.

(iii) Ook die Naturelleadministrasie, w.o. die Bantoeadministrasie, is vir die Bantoeberg van besondere belang.

(iv) Die sosiologie en ander sosiale wetenskappe is van besondere betekenis vir die Bantoeberg..

(v) Vir 'n studie van veral die Bantoege-woontereg is Bantoetale van groot hulp.

8. Ten slotte dink ek dit is gepas om kortliks iets te sê oor die toekoms van die Bantoeberg.

Verlore van Themaat<sup>38)</sup> en andere onderskei drie stadia in die geskiedenis van die regspleging vir die Bantoe. Die drie stadia is op sommenderwys:

(i) Die voorpolisatiële periode<sup>39)</sup>, d.w.s. die periode voor Blanke gesag gevestig is oor die Bantoevolkere. Die grootste bron vir regsontwikkeling gedurende dié periode is gevind in die inherente gemeenskapsdinamiek.

(ii) Die tweede stadium is die polisatiële periode, d.w.s. die periode van Blanke gesagsvoering. Gedurende hierdie periode vind ons in dringende beïnvloeding en verplasing van die Bantoeberg. Met die Bantoegewoonteregtelike straf- en staatsreg is feitlik in sy geheel weggedoen.

(iii) Die derde stadium gaan ons nou tegemoet, nl. die periode van die opheffing van die Blanke gesag (die na-polisatiële periode.) In hierdie periode sal die Bantoes self verantwoordelik wees vir die uitbouing van hulle regstelsels. Dit sal m.i. basies neerkom op die paring van die Blanke se reg wat hulle geërf het, met hulle eie erkende gewoonteregsreëls. Hieruit behoort dan verskeie eiesoortige regstelsels te ontwikkel.

Die persone wat van mening is dat daar groot probleme vir die te stigte Bantoeestate voorlê, kan gerus kyk na die posisie in Somalië. Contini<sup>40)</sup> verduidelik: "When the Somali Republic became independent it had, like almost all African countries a traditional law existing side by side with imported western law. However, unlike most other African countries in Somalia there was not a single, but two western legal systems, one introduced by the British in the North, the other by the Italians in the South." Die "traditional law" waarna Contini verwys, bestaan verder nie slegs uit inboorlinggewoonteregstelsels wat etnies-

gerig is nie, maar ook uit 'n Islamse regstelsel wat godsdiensgerig is.

9. Die bestaande verkenning van die terrein van die Bantoeerg kon uiteraard nie volledig wees nie. Dit bied ten minste 'n beeld van die moontlikhede en veral van die belangrikeheid daarvan.

### SUMMARY

Contemporary Bantu Law curricula are narrowed to a study of Bantu Customary Law, in

particular the private law thereof. To these certain South African statute laws are added.

In this lecture it is submitted that the ambit of the Bantu Law curriculum be extended in order to include all laws operating exclusively in respect of Bantu. Hereby legal scientists can render a positive contribution to the solution of the legal and also ethnic problems facing the peoples of contemporary and future Southern Africa.

- 1) Seligman, C.G.: *Races of Africa* (London, 1966) bl. 117 Vgl ook Hirschberg, W: *Völkerkunde Afrikas* (Mannheim 1965), bl. 18.
- 2) Seymour, S.M.: *Bantu Law in South Africa* (Kaapstad, 1970) bl. 8.
- 3) NKabinde v NKabinde and NKabinde 1944 W.P.A. 122 op 115; 1944(2) P.H.K. 83(W).
- 4) 1969(1) SA 528 (O.D.)
- 5) Sien verder Dadoo' Ltd. and other v Krugersdorp Municipal Council 1920 A.A. 530 op 552; Gumedo v Bandhla Vukani Bakhiti Ltd. 1950(4) SA 560 (N) op 561. Vgl. ook Ndebele v Bantu Christian Catholic Church in Zion 1956 B.A.H. (T en N). 184; Khumalo v Inzulezibeni Ubopumuze Swartkop Native co. 1954 B.A.H. (N-O) 70; Mewebeni Tribal Authority v Ndamase 1962 B.A.H. (S) 53.
- 6) Sien Mdhluli v Zion Apostolic Church of S.A. and Mashaba 1945 B.A.H. (T en N) 63 op 64; Seboto and The Gardner Mvuyana African Congregational Church v The Independent Methodist Church 1940 B.A.H. (T en N) 100 op 102.
- 7) Sachs N.O. and Malopo v Mdhluli 1956 B.A.H.(S) 43.
- 8) Manyuola and Manyuola v Gillett N.O. 1960 B.A.H. (N-O) 64.
- 9) Ntlako v Dejasmareh 1952 B.A.H.(S) 103.
- 10) Goldenweiser A.: *Anthropology* (New York, 1946) bl. 13.
- 11) Coertze, P.J. (red.) *Inleiding tot die Algemene Volkekunde* (Johannesburg, 1961) (bl. 15).
- 12) Vgl. verder Dittmer, K: *Algemene Volkenkunde* (Utrecht, 1962) bl. 29; Mühlmann, W.E.: *Rassen, Ethnien, Kulturen* (Berlin 1964) bl. 77 e.v. Maritz F.A. in *Rassesosiologie van Vander Walt, J.A. (red.)* (Pretoria, 1967), bl. 9.
- 13) Sien Thurnwald, R.C.: *Beiträge zur Analyse des Kulturmechanismus* in Mühlmann, W.E. en Müller, E.W. (red.) *Kulturanthropologie* (Berlin, 1966), bl. 384.
- 14) Leiris, M. *Race and Culture* (Paris, 1961) bl. 20.
- 15) Vgl. ook R v Redebe, 1945 A.A. 590 op 608.
- 16) Vgl. verder R v Niekerk and Others 1912 K.P.A. 580 op 583.
- 17) Fortuin v Fortuin 1930 P.H.R. 66 (B.E.H.); R v Niekerk 1912 K.P.A. 580; R v Le Fleur 1927 O.D. 340; R v Vinger 1951(1) SA 389 (G.W.).
- 18) Tarr v Estate Tarr 1940 B.A.H. 75 (T. en N.) op 77.

- 19) R v Radebe 1945 A.A. 590 op 610. Vgl. ook Ngqoyi v Da Coniecao 1946 B.A.H. (T en N) 49 op 50; Vilikase v Masheshe 1947 B.A.H. (T en N) 24; R v Abel 1948(1) SA 654 (A). Vgl. verder Randall v Randall 1942 (B.A.H. 63 (K en O.)
- 20) Vgl. egter Rv Niekerk and Others 1912 K.P.A. 580 op 583; R v Sanitzky and Another 1937(1) P.H.K. 64(K).
- 21) Sien R. v Kogan 1918 A.A. 521 bl. 523 gelees met bl. 524 en 526
- 22) Vgl. Kogan (*supra*) bl. 526.
- 23) Mdhlalose v Mabaso 1931 P.H.R. 60 (T en N). Vgl. ook Kaula v Mtimkulu 1938 B.A.H. (T en N) 68 op 71.
- 24) Art. 1 gelees met art. 1 van die Bevolkingsregistrasiewet, wet 30 van 1950. Sien ook art. 73 van die Transkeise Grondwet, Wet. 48 van 1963.
- 25) Sien Labuschagne, J.M.T.: Naturelleadministrasie: 'n vakwetenskaplike objektivering (Potchefstroom, 1969), bl. 3 e.v.
- 26) Sien Allott, A: New Essays in African Law (London, 1970) bl. 181.
- 27) Sien Homsworth, C.M.G.: The Botswana Customary Law Act, 1969 in Journal of African Law 1972 (vol. 16), bl. 4 e.v.
- 28) Art. 11(1) van die Bantoe-Administrasie Wet.
- 29) Moreira, A.: Customary Law in the Portuguese Oversees in The Future of Customary Law in Africa (Leiden, 1956) bl. 230.
- 30) Sien Caetano, M: Principles and Methods of Portuguese Colonial Administration (London, 1950), bl. 86.
- 31) Sien artt. 14 en 18 van die Bantoe-Administrasie Wet.
- 32) Sien art. 10(5) van Wet 9 van 1929.
- 33) Soga, J.H.: The Ama-Xhosa: Life and Customs (Lovedale Press, 1931), bl. 41.
- 34) Holden W.C.: The Past and Future of the Kaffir Races (Kaapstad, 1866), bl. 333.
- 35) Vgl. Nkwana v Monganaba 1 N.A.H. 79; Mbambo v Swaai 1931 B. B.A.H. (K en O) 19; Mkunqana and Others v Dumke 1939 B.A.H. (K en O) 68.
- 36) Elias, T.O.: The Nature of African Customary Law (Manchester, 1956), bl. 121.
- 37) Vgl. ook Myburgh, A.C.: Perspectives of South African Bantu Law in Codicillus, Sept. 1965, bl. 6.
- 38) Verlore van Themaat, R. e.a.; Ontwikkeling in verband met die Reg en Regspleging van die Bantoe. Oorsig vir 1969 in T.H.R.-H.R. Nov. 1970, bl. 377 e.v.
- 39) Sien Labuschagne a.w., bl. 16
- 40) Contini, P: The Somali Republic: An Experiment in Legal Integration (London, 1969) bl. 88.